

# FLAMBOJANTE

AFRIKAANS

SAOU

AON  
Afrikaanse Onderwysnetwerk

DIE VERANDERING IN ONDERWYS  
THE CHANGE IN EDUCATION

012-4360900

saoupod@saou.co.za

www.saou.co.za

Nuusbrief 1/2019

17 Oktober 2019

## FLAMBOJANTE AFRIKAANS

Is JY die Afrikaans Grade 7-12 Juffrou of Meneer? Verwag almal dat jy alles van AFRIKAANS moet weet? Wil JY soms jou hare uit jou kop trek van frustrasie JUIS omdat die kinders nie LEES wat daar staan nie?

Navorsing en internasionale verslae dui daarop dat die kinders voor ons in die klas nie BEGRYP wat hul lees nie. Spelling en kennis van korrekte taalgebruik en woordeskat het verflou tot emoji's en 'n sameflansing van letters wat beslis nie deel vorm van die KABV nie.

SAOU en AON vat hande – vir JOU. Flambojante Afrikaans is 'n gesamentlike projek wat fokus op ondersteuning aan **Afrikaanse Huistaal en Eerste Addisionele taal opvoeders**.

2019 se afskop-geleentheid vind plaas in Gauteng en Wes-Kaap. Jy kan maar ontspan – in 2020 gaan ons voort! Hierdie is net die begin! In die komende jaar sal die program ook uitgebrei word om spesifiek die vroeë wat Grade 1-6 onderwysers het, aan te spreek.

As **Afrikaanse** onderwyser of as onderwyser met 'n passie vir Afrikaans het jy een van twee keuses:

### KEUSE 1: 'n Oggend met Dr Sophia Kapp

Dr Kapp ontgin die Elfde weergawe van die Afrikaanse Woordelys en Spelreëls (AWS). Sy bespreek taal en spelfoute en -feite wat in die klaskamer ook vir jou as onderwyser laat kopkrap. Op 'n lekker en praktiese manier neem sy jou op 'n reis deur die taalkunde.

**Registrasiefooi: R100-00**

Wes-Kaap	Gauteng
<b>Venue:</b> HS Brackenfell	<b>Venue:</b> SAOU Ouditorium, Pretoria
<b>Datum:</b> 9 November 2019	<b>Datum:</b> 16 November 2019
<b>Tyd:</b> 8:00 tot 13:30 (registrasie vanaf 07:30)	<b>Tyd:</b> 8:00 tot 13:30 (registrasie vanaf 07:30)
<b>Vir registrasie,</b> <a href="#">klik hier</a>	<b>Vir registrasie,</b> <a href="#">klik hier</a>
<b>Verwysingsnommer:</b> skoolnaam/van + 9/11	<b>Verwysingsnommer:</b> skoolnaam/van + 16/11
<b>Wie mag inskryf?</b> Graad 7 tot 12 personeel wat Afrikaans as <b>Huistaal</b> onderrig.	
<b>DAAR IS SLEGS 30 PLEKKE BESIKBAAR!</b>	

# FLAMB JANTE

AFRIKAANS

SAOU

AON

DIE VERANDERING IN ONDERWYS  
THE CHANGE IN EDUCATION

Afrikaanse Onderwysnetwerk

012-4360900

saoupod@saou.co.za

www.saou.co.za

OF

## KEUSE 2: Die 10 Grootste Foute in Begripstoetsing

In 'n werkswinkel waar jy aktief kan deelneem en prakties kan saamwerk, word die 10 grootste foute wat in begripstoetse begaan word ontsluit. Ons verseker dat jy sal lag, sal kopkrap, sal saamgesels met kollegas wat in dieselfde bootjie as jy is en gemotiveerd vir 2020 hierdie komponent sal aanpak.

Registrasiefooi: R100-00

**Wes-Kaap**

**Gauteng**

**Venue:** HS Brackenfell

**Venue:** Pretoria

**Datum:** 9 November 2019

**Datum:** 2 November 2019

**Tyd:** 8:00 tot 13:30 (registrasie vanaf 07:30)

**Tyd:** 8:00 tot 13:30 (registrasie vanaf 07:30)

**Vir registrasie, [klik hier](#)**

**Vir registrasie, [klik hier](#)**

**Verwysingsnommer:** skoolnaam/van + 9/11

**Verwysingsnommer:** skoolnaam/van + 2/11

### Wie mag inskryf?

Graad 7 tot 12 personeel wat **Afrikaans as Huistaal** of as **Eerste Addisionele Taal** onderrig. (Werkswinkel word tot 30 per groep beperk en groepe word spesifiek vir die Taalvlak wat jy aanbied saamgestel).

**BEPERK TOT 30 PER GROEP**

Om te registreer, klik op die opleiding wat u wil bywoon, se registrasieskakel. Betaling moet asseblief so spoedig moontlik gemaak word:

SAOU POD

ABSA tjekrekening

405 001 9952

(Gebruik asseblief die korrekte verwysing vir die opleiding waarvoor u geregistreer het)

086 2424 196

Vir enige navrae, kontak Liezl Henrich:

012-436 0900

[saoupod@saou.co.za](mailto:saoupod@saou.co.za)